

12 Oktober

Eksodus 13:17-22

(Teks: 13:21 en 22)

Die wonder van die wolkkolom

Toe Israel uit Egipte getrek het, het die Here bedags met 'n wolkkolom voor hulle uit gegaan en snags met 'n vuurkolom. Dag en nag het die Here hulle deur die woestyn met sy ongediertes en vyandelike stamme gelei.

Maar die wolk het nie net die volk gelei nie. Dit het hulle ook *versorg*. In Psalm 105:39 word gesê dat die Here die wolk as 'n beskutting oor hulle uitgesprei het. Bedags het die wolk die fel hitte van die son gekeer. Israel het baie oor kos en water gekla, maar nooit oor hitte nie.

Maar die wolk het die volk ook teen vyande beskerm. Toe die Egiptenare die Israeliete deur die Rietsee agtervolg het, het die wolk tussen hulle ingeskuif. Aan die Egiptiese kant was die wolk donker - aan die Israelitiese kant lig (14:20).

Ons het nie meer 'n wolkkolom wat ons lei nie. Ons het die Woord van God wat 'n lamp vir ons voet en 'n lig vir ons pad is (Ps. 119:105). En deur dié Woord lei, versorg en beskerm die Heilige Gees ons op die pad na die ewige lewe.

Die wolkkolom het geloof en gehoorsaamheid van die volk gevra. Hulle moes dag en nag agter die wolk aantrek - deur die Rietsee en 40 jaar lank deur die woestyn! En dit vra die Here ook van ons. As jou pad deur waters en vuurvlamme gaan - moet nie beterweterig sê: Dis nie die regte pad nie! Trek in geloofsghehoorsaamheid agter die Here aan. Hy weet die beste!

Sing Psalm 105:21

Dr. C J. Malan (Emeritus)